



OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

—
BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

1/- Thursday, 28th June, 1934. WINDHOEK Donderdag, 28 Junie 1934. No. 567

CONTENTS.

INHOUD.

Proclamation —	<i>Page.</i>	Proklamasie —	<i>Bladsy.</i>
No. 18. Farmers Special Relief Proclamation, 1934	8936	No. 18. Bøere Spesiale Onderstands-Proklamasie 1934	8936

Proklamation —

Nr. 18. Proklamation von 1934 zur Besonderen Unterstützung von Farmern	8947
--	------

PROCLAMATION

By HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 18 of 1934.]

WHEREAS it is expedient to make provision for advances of livestock to certain farmers, who are suffering from the effects of the drought, in order to enable them to continue or resume farming operations;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare, and make known as follows:—

1. In this Proclamation, unless inconsistent with the context —

“Debtor” means a farmer who has received a loan in accordance with the provisions of this Proclamation;

“Livestock” includes cattle, horses, mules and donkeys, sheep and goats;

“Manager” means the Manager of the Land and Agricultural Bank of South West Africa;

“the Secretary” means the Secretary for South West Africa;

“the Board” means the Board appointed in accordance with the provisions of this Proclamation.

2. (1) As soon as may be after the commencement of this Proclamation, the Administrator may appoint, on such terms and for such period as he may deem desirable, a Board, consisting of not less than three, and not more than five persons, to carry out with the assistance of the Manager, and under the control of the Secretary, as hereinafter provided, by means of moneys duly appropriated by the Legislative Assembly for the purpose, the measures of financial relief provided by this Proclamation.

(2) The Chairman of the Board, who shall be appointed by the Administrator out of the persons aforesaid, shall have a deliberative and a casting vote at all proceedings of the Board.

(3) The chairman and two other members of the Board shall form a quorum, and the decision of the majority of the members of the Board present at any meeting thereof shall constitute the decision of the Board.

(4) The members of the Board may be paid such remuneration and subsistence and travelling allowances as the Administrator may from time to time determine, and shall hold office during the pleasure of the Administrator.

(5) All expenses necessarily incurred in connection with the administration of this Proclamation shall be defrayed from the moneys referred to in sub-section (1).

3. (1) The Administrator shall establish a local committee for every district in the Territory, and appoint the members thereof. Every local committee shall be subordinate to the Board.

(2) Every such local committee shall consist of three persons, one of whom shall be the Magistrate of the District, who shall be chairman.

(3) Every member of a local committee shall hold office during the pleasure of the Administrator.

(4) The Magistrate and one other member of the Committee shall form a quorum, and all acts, matters and things authorised or required to be done by a local committee shall be decided by a resolution of any meeting at which a quorum is present.

(5) Every member of a local committee, other than the Magistrate, may be paid such remuneration and subsistence and travelling allowances as the Administrator may from time to time determine.

PROKLAMASIE

VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 18 van 1934.]

NADEMAAL dit wenslik is om voorsiening te maak vir lenings van vee aan sekere boere wat aan die gevolge van die droogte ly, om hulle in staat te stel om hulle boerdery voort te sit of te hervat;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid my verleen, hierby proklameer, verklaar en bekend maak as volg:—

1. In hierdie Proklamasie, tensy onbestaanbaar met die samehang —

beteken “skuldenaar” ’n boer wat ’n lening ontvang het ooreenkomstig die bepalings van hierdie Proklamasie;

sluit “lewende hawe” vee, perde, muile en esels, skape en bokke in;

beteken “Bestuurder” die Bestuurder van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika;

beteken “die Sekretaris” die Sekretaris van Suidwes-Afrika;

beteken “die Raad” die Raad aangestel ooreenkomstig die bepalings van hierdie Proklamasie.

2. (1) So spoedig as moontlik is na die inwerkingtrede van hierdie Proklamasie, kan die Administrateur op sodanige voorwaardes en vir sodanige tydperk wat hy wenslik ag, ’n Raad aanstel bestaande uit minstens drie en hoogstens vyf persone om met die bystand van die Bestuurder en onder die toesig van die Sekretaris, soos hierna bepaal, deur middel van gelde wat deur die Wetgewende Vergadering behoorlik vir die doel bestem is, die maatreëls van finansiële hulp uit te voer wat deur hierdie Proklamasie vasgestel word.

(2) Die Voorsitter van die Raad wat deur die Administrateur uit voormelde persone aangestel word, het by alle verrigtings van die Raad ’n beraadslagende en ’n beslissende stem.

(3) Die Voorsitter en twee ander lede van die Raad vorm ’n kworum en die beslissing van die meerderheid van die lede van die Raad wat op enige vergadering teenwoordig is, sal die beslissing van die Raad uitmaak.

(4) Aan die lede van die Raad kan sodanige vergoeding en onderhouds- en reistoelae betaal word wat die Administrateur van tyd tot tyd vasstel en hulle beklee die betrekking solank dit die Administrateur behaag.

(5) Alle uitgawes waarin noodsaaklikerwys verval word by die administrasie van hierdie Proklamasie word bestry uit die gelde genoem in subartikel (1).

3. (1) Die Administrateur stig ’n plaaslike komitee vir elke distrik in die Gebied en stel die lede daarvan aan. Elke plaaslike komitee is onderworpe aan die Raad.

(2) Elke sodanige plaaslike Komitee bestaan uit drie persone van wie een die Magistraat van die Distrik is. Hy is voorsitter van die Komitee.

(3) Elke lid van ’n plaaslike Komitee beklee sy betrekking solank dit die Administrateur behaag.

(4) Die Magistraat en een ander lid van die Komitee vorm ’n kworum en alle verrigtinge, sake en dinge wat deur ’n plaaslike Komitee gemagtig of gedoen moet word, word beslis deur ’n besluit van enige vergadering waarop ’n kworum aanwesig is.

(5) Aan elke lid van ’n plaaslike komitee, behalwe die Magistraat, kan sodanige vergoeding, onderhouds- en reistoelae betaal word wat die Administrateur van tyd tot tyd vasstel.

4. Applications for assistance on a form as prescribed by the Manager may be submitted to the chairman of the local committee by farmers residing within the district for which such committee has been established, who are suffering from the effects of drought, provided that such applications are received within six months from the date on which this Proclamation is promulgated.

5. (1) Every local committee shall consider and transmit all applications submitted to it, with its recommendations thereon to the Board, and generally shall advise the Board upon all matters as to which the Board may require its advice.

(2) A local committee shall have no executive functions but shall act as agent for the Board.

6. (1) If the Board is satisfied that any applicant —

- (a) during any period of at least eighteen months preceding the date on which this Proclamation is promulgated has devoted his attention solely to farming operations in the Territory and that through drought he has suffered such losses in his farming operations that he is unable to continue or resume such operations unassisted;
- (b) is unable to make a living by any other means than by such farming operations, and that the assistance applied for will, if granted, afford him a reasonable prospect of maintaining himself and his dependants by the carrying on of such operations;
- (c) owns or holds on lease or other written contract, which, in the opinion of the Board, ensures sufficient security of tenure, sufficient land to enable him to carry on such operations;
- (d) is of good character and conduct; and
- (e) is a Union national;

the Board may recommend to the Secretary that such applicant be supplied with such livestock as the Board may deem necessary on such terms of repayment as the Board may deem fit: provided that the value of all livestock, the supply whereof is so recommended to any one applicant, shall in the aggregate not exceed two hundred and fifty pounds.

(2) On receiving such recommendation, the Secretary may approve the loan and authorise the Manager to purchase and supply to the applicant concerned such livestock, as are approved by the Manager, and to defray the cost of such purchase from moneys appropriated by law as provided in section two. Such purchase shall be completed within such period as the Manager in the circumstances of each case may determine, but such period shall in no case exceed six months from the date of such authorisation.

(3) The Manager shall be furnished with such particulars of the application and of the stock purchased or to be purchased as he may require, and shall cause any livestock supplied under sub-section (2) to be branded or otherwise marked.

7. (1) A loan granted under this Proclamation shall bear interest at the rate of 5 percent per annum, payable at such times as the Secretary shall determine when granting the loan, but subject to the provisions of sub-section (4).

(2) In granting any such loan the Secretary shall determine the period within which it shall be repaid (which shall not exceed five years), the instalments in which such repayment shall be made and such other conditions of repayment as the Secretary may think fit to impose, but subject to the provisions of sub-section (4).

(3) Any such loan and the interest due thereon shall be repayable to and be recoverable by the Manager on behalf of the Administration.

(4) The Secretary may, if satisfied that sufficient grounds exist therefor, vary the times of payment of interest determined under sub-section (1) hereof, or reduce or extend the period of repayment of any loan granted under this Proclamation, or vary the instalments in which such repayment shall be made or any other condition of repayment imposed under sub-section (2): Provided that the Secretary shall not extend the time of payment of any interest or the period of repayment of the loan or any part thereof beyond a period of five years as from the date whereon the loan was granted.

4. Aansoeke om bystand op 'n vorm soos voorgeskryf deur die Bestuurder kan aan die voorsitter van die plaaslike Komitee deur boere woonagtig binne die distrik, waarvoor sodanige Komitee gestig is, en wat aan die gevolge van die droogte ly, voorgelê word, mits sodanige aansoeke binne ses maande vanaf die datum, waarop hierdie Proklamasie uitgevaardig word, ontvang word.

5. (1) Elke plaaslike Komitee moet die aansoeke wat aan hom voorgelê word oorweeg en met sy aanbevelings daarop oorstuur aan die Raad en oor die algemeen die Raad raad gee in verband met alle sake waarvoor die Raad sy raad verlang.

(2) 'n Plaaslike Komitee het geen uitvoerende funksies nie maar tree op as agent vir die Raad.

6. (1) Indien die Raad daarvan oortuig is dat enige applikant —

- (a) gedurende enige tydperk van minstens agtien maande voor die datum, waarop hierdie Proklamasie uitgevaardig is, sy aandag alleenlik aan boerdery in die Gebied bestee het en dat hy deur droogte sodanige verliese in sy boerdery gely het, dat hy nie in staat is om sodanige boerdery sonder bystand voort te sit of te hervat nie;
- (b) nie in staat is om 'n bestaan te maak deur enige ander middele dan deur sodanige boerdery nie en dat die bystand, waarvoor aansoek gedoen is, hom, indien dit verleen word, 'n redelike vooruitsig sal gee om hom en sy afhanklikes te onderhou deur die voortsetting van sodanige boerdery;
- (c) voldoende grond om hom instaat te stel om sodanige boerdery voort te sit, besit of deur huurkontrak of enige ander geskrewe kontrak het, wat volgens die mening van die Raad, voldoende sekuriteit van besitreg verseker;
- (d) van goeie karakter en gedrag is; en
- (e) 'n onderdaan van die Unie is;

kan die Raad by die Sekretaris aanbeveel dat sodanige applikant voorsien word van sodanige lewende hawe wat die Raad nodig ag op sodanige voorwaardes van terugbetaling wat die Raad geskik ag; met dien verstande dat die waarde van alle lewende hawe, waarvan die verskaffing aan enige applikant aanbeveel word, gesamentlik nie meer dan tweehonderd en vyftig pond mag bedra nie.

(2) Wanneer hy sodanige aanbeveling ontvang, mag die Sekretaris die lening goedkeur en die Bestuurder magtig om sodanige vee te koop en aan die betrokke applikant te verskaf, wat deur die Bestuurder goedgekeur word en om die onkoste van sodanige koop te bescry van gelde deur wet daartoe bestem, soos bepaal in artikel twee. Sodanige aankoop moet binne die tydperk voltooi word, wat die Bestuurder onder die omstandighede van elke geval vasstel. Sodanige tydperk mag in geen geval langer as ses maande vanaf die datum van sodanige magtiging wees nie.

(3) Aan die Bestuurder moet sodanige besonderhede van die aansoek en van die gekoopte vee of vee wat gekoop moet word, verskaf word, wat hy verlang en hy moet enige lewende hawe verskaf ingevolge subartikel (2) laat brandmerk of andersins merk.

7. (1) 'n Lening toegestaan ingevolge hierdie Proklamasie dra 5 persent rente per jaar. Die rente is betaalbaar op sodanige tye wat die Sekretaris vasstel wanneer die lening toegestaan word, maar onderhewig aan die bepalings van subartikel (4).

(2) Wanneer hy enige sodanige lening toestaan, stel die Sekretaris die tydperk vas waarin dit terugbetaal moet word (dit mag nie langer as vyf jaar wees nie), die paaiemente, waarin sodanige terugbetaling gemaak moet word, en sodanige ander voorwaardes van terugbetaling wat die Sekretaris dienstig ag maar onderhewig aan die bepalings van subartikel (4).

(3) Enige sodanige lening en die rente wat daarop betaalbaar is, is terugbetaalbaar aan en verhaalbaar deur die Bestuurder vir die Administrasie.

(4) Indien hy daarvan oortuig is dat voldoende redes daarvoor bestaan, kan die Sekretaris die tye van betaling van die rente vasgestel ingevolge subartikel (1) hiervan, verander of die tydperk van terugbetaling van enige lening toegestaan ingevolge hierdie Proklamasie verminder of verleng of die paaiemente, waarin sodanige terugbetaling gemaak moet word, of enige ander voorwaarde van terugbetaling opgelê ingevolge subartikel (2) verander: Met dien verstande dat die Sekretaris die tydperk van terugbetaling van enige rente, of die tydperk van terugbetaling van die lening of enige deel daarvan nie langer mag maak nie dan vyf jaar vanaf die datum waarop die lening toegestaan was.

(5) Any debtor shall, if required to do so by the Manager, furnish the Manager with a full and accurate statement of all transactions of a business or financial nature entered into by him subsequent to the date upon which such loan was granted, and any person who has entered into any such transaction with a debtor shall, if required to do so by the Manager, furnish the Manager with full particulars relative to such transaction.

8. (1) Any loan granted under this Proclamation shall not be paid out to the debtor himself, but shall be paid to the seller of the stock or his order against a receipt by the debtor for the stock and a certificate by any member of the local committee to the effect that —

- (a) the animals are young, healthy and in good condition and represent the true market value.
- (b) the purchase is a genuine transaction.

(2) Any such loan shall be deemed to have been granted to the debtor as from the date upon which the first payment for any stock is made in terms of sub-section (1), but interest on each payment, shall be calculated only from the actual dates of payments. If at the expiration of six calendar months from the date of the granting thereof, any loan or portion thereof has not been drawn, such loan or portion thereof, as the case may be, shall automatically lapse and shall not under any circumstances be payable.

9. The Manager shall remit to the Secretary as soon as possible after the 30th June and 31st December in each year the balance of all moneys recovered from debtors in respect of advances made under this Proclamation after deduction of any expenses incurred and a commission of five per cent of the aggregate amount collected.

10. (1) The Manager may, subject to the approval of the Administrator, appoint such inspecting officers as are in his opinion necessary for the proper carrying out of this Proclamation.

(2) Such officers shall be under the control of the Manager, who shall pay their salaries and defray all other expenses incurred in administering this Proclamation out of moneys appropriated by law as provided in sub-section (1) of section *two*.

11. The provisions set out in the Schedule to this Proclamation shall be regarded as part of this Proclamation; Provided that the Administrator may from time to time, by notice in the *Gazette*, add to, vary or rescind any such provisions.

12. (1) Any applicant for a loan under this Proclamation who, in connection with his application furnishes any information which is false or wilfully fails to disclose all his assets and liabilities, whether actually existing or contingent, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds or to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding one year or to both such fine and such imprisonment.

(2) Any debtor who disposes of, destroys or consumes any movable property acquired under the provisions of sub-section (2) of section *six*, or permits such disposal, destruction or consumption without the written consent of the Board shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties set forth in sub-section (1).

(3) If any such property has disappeared or if it is not produced when its production is demanded in terms of sub-section (1) of section *ten* of the Schedule, the debtor concerned shall be presumed to have disposed of such property, or to have destroyed or consumed it in contravention of sub-section (2), unless he proves that he was in no way responsible for such disappearance or non-production and that he could not have prevented it.

(4) Any debtor who —

- (a) conceals or damages movable property acquired as aforesaid;
- (b) alters, defaces or removes any mark placed thereon in terms of this Proclamation; or
- (c) fails to comply with sub-section (5) of section *seven* hereof and paragraph *five* of the Schedule,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or to imprisonment for a period not exceeding six months.

(5) Enige skuldenaar moet, indien hy deur die Bestuurder versoek word om dit te doen, aan die Bestuurder 'n volledige en noukeurige staat van alle besigheidstransaksies van 'n finansiële aard wat deur hom onderneem word na die datum waarop sodanige lening toegestaan was, verskaf en enige persoon wie enige sodanige transaksie met 'n skuldenaar aangegaan het, moet indien die Bestuurder dit van hom verlang, aan die Bestuurder volledige besonderhede in verband met sodanige transaksie verskaf.

8. (1) Enige lening toegestaan ingevolge hierdie Proklamasie word nie aan die skuldenaar self uitbetaal nie maar aan die verkoper van die vee of sy order teen 'n kwitansie deur die skuldenaar vir die vee en 'n sertifikaat deur enige lid van die plaaslike Komitee behelsende dat —

- (a) die diere jonk, gesond en in 'n goeie toestand is en die ware markwaarde voorstel;
- (b) die koop 'n ware transaksie is.

(2) Dit word aangeneem dat sodanige lening toegestaan is aan die skuldenaar vanaf die datum waarop die eerste betaling vir enige vee gemaak word ooreenkomstig subartikel (1). Die rente op elke betaling word net bereken vanaf die datums waarop betalings werklik gemaak word. Indien na verloop van ses kalendermaande vanaf die datum van die toestaan daarvan, enige lening of deel daarvan nie getrek is nie, vervel sodanige lening of deel daarvan, na die geval mag wees, outomaties en is dit onder geen omstandighede betaalbaar nie.

9. Die Bestuurder moet aan die Sekretaris so spoedig as moontlik na die 30ste Junie en 31ste Desember in elke jaar die saldo van alle gelde verhaal van skuldenare ten opsigte van voorskotte gegee ingevolge hierdie Proklamasie na aftrekking van enige uitgawes en 'n Kommissie van vyf persent van die gesamentlike, geïnde bedrag stuur.

10. (1) Die Bestuurder kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur, sodanige inspeksiebeamptes aanstel wat volgens sy mening noodsaaklik is vir die behoorlike uitvoering van die Proklamasie.

(2) Sodanige beamptes is onder die kontrole van die Bestuurder wat hulle salarisse betaal en al die ander uitgawes bestry wat veroorsaak word deur die toepassing van hierdie Proklamasie, uit gelde bestem deur wet soos bepaal in subartikel (1) van artikel *twee*.

11. Die bepalings vermeld in die Bylae tot hierdie Proklamasie word beskou as deel van hierdie Proklamasie. Met dien verstande dat die Administrateur van tyd tot tyd deur kennisgewing in die Staatskoerant enige sodanige bepalings mag verander, herroep of ander bepalings daarby voeg.

12. (1) Enige applikant vir 'n lening ingevolge hierdie Proklamasie, wat in verband met sy aplikasie enige informasie verskaf wat vals is of opsetlik in gebreke bly om al sy bate en laste hetsy werklik bestaande of moontlike bate en laste mee te deel, is skuldig aan 'n oortreding en, by skuldigbevinding, blootgestel aan 'n boete van hoogstens eenhonderd pond of aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of aan beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

(2) Enige skuldenaar wat enige roerende goedere verkry kragtens die bepalings van subartikel (2) van artikel *ses* van die hand sit of vernietig of verbruik of sodanige van-die-hand-sitting, vernietiging of verbruik toelaat sonder die skriftelike toestemming van die Raad is skuldig aan 'n oortreding en, by skuldigbevinding, blootgestel aan die strawwe bepaal in subartikel (1).

(3) Indien enige sodanige eiendom verdwyn het, of indien dit nie getoon word nie wanneer die vertoning daarvan verlang word ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *tien* van die Bylae, word veronderstel dat die betrokke skuldenaar sodanige eiendom van die hand gesit of dit vernietig of verbruik het in stryd met subartikel (2) tensy hy bewys dat hy op geen wyse verantwoordelik is vir sodanige verdwyning of nie-vertoning en dat hy dit nie kon verhoed het nie.

(4) Enige skuldenaar wat —

- (a) roerende goedere, verkry soos voormeld, verberg of beskuldig;
- (b) enige merk wat daarop gesit is ooreenkomstig hierdie Proklamasie, verander, uitwis of verwyder; of
- (c) ingebreke bly om subartikel (5) van artikel *sewe* hiervan en paragraaf *vyf* van die Bylae na te kom,

is skuldig aan 'n oortreding en, by skuldigbevinding, blootgestel aan 'n boete van hoogstens vyftig pond of aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

(5) If any such property has been concealed or damaged or if any mark placed thereon as aforesaid has been altered, defaced or removed, the debtor who has been placed in possession of such property shall be presumed to have caused such concealment, damage, alteration, defacement or removal, unless he proves that he was in no way responsible therefor and could not have prevented it.

(6) Any person who —

- (a) neglects or refuses to furnish the particulars required in terms of sub-section (5) of section seven hereof, or
- (b) obstructs or hinders or endeavours to defeat the seizure of any property in terms of paragraph ten of the Schedule,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties set forth in sub-section (4).

13. No fee of office and no stamp duty whatever shall be payable in respect of any act performed or document required for the purposes of this Proclamation.

14. This Proclamation may be cited as the Farmers Special Relief Proclamation, 1934.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek, this 15th day of June, 1934.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

SCHEDULE.

PROVISIONS GOVERNING ADVANCES MADE UNDER THIS PROCLAMATION.

1. Subject to the provisions of paragraph 3 of this Schedule, all livestock supplied to a debtor in terms of section six, sub-section (2) of the Proclamation, and any livestock, which may, with the written consent of the Manager, have been substituted for livestock so supplied which has died or been lost, and all the progeny and produce of such livestock shall be the property of the Administration and at the disposal of the Manager for the purposes of this Proclamation until the debtor has repaid the whole amount of the advance with interest due thereon and the Manager has issued a certificate that such amount and interest has been paid. On the issue of such certificate all such livestock and the progeny and produce of any such livestock shall become the property of the debtor.

2. Until such certificate has been issued, the debtor shall not, without the written consent of the Manager, sell, exchange, lend, donate or otherwise dispose of or remove or willingly allow to be out of his possession any livestock belonging to the Administration in terms of paragraph 1 of this Schedule. In the event of the Manager giving his consent to the sale of any such livestock, progeny or produce, the amount realised thereby shall be paid over to the Manager in reduction or liquidation of the advance and the interest thereon and the ownership of the livestock so sold shall not pass to any person until the amount realised has been paid in to the Manager. In the event of an exchange, sale or other disposal with such consent any such livestock as may with the consent of the Manager have been purchased to replace those sold, shall be the property of the Administration and at the disposal of the Manager as aforesaid, who shall cause any such livestock to be branded or marked.

In the case of livestock from which no benefit is derived other than by the sale of the progeny of such livestock, the Manager, may in his discretion, remit to the debtor a part, not exceeding one-half, of the proceeds of the sale of the progeny of such livestock.

3. In the event of any livestock referred to in this Schedule trespassing or causing any damage or injury to any person, the Administration shall not be liable therefor. In regard to any claim in respect of such trespass, damage or injury, based upon the ownership of such livestock and in regard to any criminal liability attaching to the owner of livestock under any law relating to diseases of livestock the debtor and not the Administration shall be deemed to be the owner of such livestock.

(5) Indien enige sodanige eiendom yerberg of beskadig is of indien enige merk wat daarop gesit is, soos voormeld, verander, uitgewis of verwyder is, dan word aangeneem dat die skuldenaar wat in besit van sodanige eiendom gestel is, sodanige verberg, beskadiging, verandering, uitwissing of verwydering veroorsaak het, tensy hy bewys dat hy op geen wyse daarvoor verantwoordelik was en dit nie kon verhoed het nie.

(6) Enige persoon wat —

- (a) versuim of weier om die besonderhede te verskaf, wat ooreenkomstig subartikel (5) van artikel sewe hiervan verlang word, of
- (b) die beslaglegging van enige eiendom ooreenkomstig paragraaf tien van die Bylae verhinder of probeer om dit te verydel,

is skuldig aan 'n oortreding en, by skuldigbevinding, blootgestel aan die strawwe bepaal in subartikel (4).

13. Geen kantoorfooi en geen seëlbelasting hoegenaamd is betaalbaar ten opsigte van enige handeling wat verrig of dokument wat verlang word vir die doeleindes van hierdie Proklamasie.

14. Hierdie Proklamasie kan aangehaal word as die Boere Spesiale Onderstands-Proklamasie 1934.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hierdie 15de dag van Junie 1934:

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

BYLAE.

BEPALINGS WAARAAN VOORSKOTTE TOEGESTAAN KRAGTENS HIERDIE PROKLAMASIE ONDERWORPE IS.

1. Met inagneming van die bepalings van paragraaf 3 van hierdie Bylae, is alle lewende hawe verskaf aan 'n skuldenaar ingevolge artikel ses, subartikel (2) van die Proklamasie en enige lewende hawe wat met die skriftelike toestemming van die Bestuurder in die plek gestel is van aldus gelewerde vee wat doodgegaan het of verlore is en al die aandeel en produkte van sodanige lewende hawe die eiendom van die Administrasie en tot die beskikking van die Bestuurder vir die doeleindes van hierdie Proklamasie tot dat die skuldenaar die hele bedrag van die voorskot tesame met die rente wat daarop betaalbaar is, terug betaal het en die Bestuurder 'n sertifikaat uitgereik het dat sodanige bedrag en rente betaal is. Na die uitreiking van sodanige sertifikaat word al sodanige lewende hawe en die aandeel en produkte van enige sodanige lewende hawe die eiendom van die skuldenaar.

2. Voordat sodanige sertifikaat uitgereik is, mag die skuldenaar nie sonder die skriftelike toestemming van die Bestuurder enige lewende hawe wat ooreenkomstig paragraaf 1 van hierdie Bylae aan die Administrasie behoort, verkoop, omruil, leen, doneer of andersins van die hand sit of verwyder of gewilliglik toelaat dat dit nie in sy besit is nie. In die geval waar die Bestuurder sy toestemming verleen tot die verkoping van enige sodanige lewende hawe, aandeel of produkte, moet die opbrings van die verkoping oorbetal word aan die Bestuurder ter vermindering of vereffening van die voorskot en die rente daarop en die eiendomsreg in verband met die lewende hawe wat aldus verkoop is, gaan nie oor na enige persoon voordat die bedrag wat daarvoor betaal is, aan die Bestuurder betaal is. In die geval van 'n omruiling, verkoping of van-die-hand-sitting met sodanige toestemming is enige sodanige lewende hawe wat met die toestemming van die Bestuurder gekoop is in die plek van die wat verkoop is, die eiendom van die Administrasie en tot die beskikking van die Bestuurder soos voormeld. Die Bestuurder moet enige sodanige lewende hawe laat brandmerk of merk.

In die geval van lewende hawe waardeur geen ander voordeel behaal word nie dan deur die verkoping van die aandeel van sodanige vee, kan die Bestuurder volgens goeddunke 'n deel (maar nie meer as die helfte) van die opbrings van die verkoping van aandeel van sodanige lewende hawe aan die skuldenaar oormaak.

3. In die geval waar oortreding deur enige lewende hawe, waarna in hierdie Bylae refereer word, plaasvind of sodanige lewende hawe enige skade of letsel aan enige persoon berokken, is die Administrasie nie daarvoor aanspreeklik nie. Met betrekking tot enige eis ten aansien van sodanige oortreding, beskadiging of besering gegrond op die besit van sodanige lewende hawe en met betrekking tot enige kriminele aanspreeklikheid van die eienaar van lewende hawe kragtens enige wet betreffende siektes van lewende hawe sal die skuldenaar en nie die Administrasie nie as die eienaar van sodanige lewende hawe beskou word.

4. The loss by death or straying of any livestock supplied to a debtor under this Proclamation or depreciation in value of any such livestock shall not in any way affect the liability of such debtor for the repayment to the Manager of the full amount of the advance represented by such livestock, with interest due thereon.

5. The progeny of all livestock supplied to a debtor under this Proclamation and of all livestock substituted in terms of paragraph one or two of this Schedule for any such first-mentioned livestock shall be branded or marked when it reaches such age as the Manager may direct in the case of each particular class of livestock.

6. (1) No livestock or the produce thereof, supplied to a debtor under this Proclamation nor any livestock substituted in terms of paragraph one or two of this Schedule for such first-mentioned livestock nor the progeny of any such livestock nor the produce of such progeny shall be liable to attachment in execution of a judgment of any Court of law until the advance with interest thereon has been repaid, and then only in respect of a liability contracted by the debtor after the date on which the advance was made to him.

(2) If the estate of the debtor is sequestered or assigned before he has repaid in full the advance and all interest due thereon, the trustee or Assignee in that estate shall have no claim against the Administration or the Manager in respect of any part of the advance repaid by the debtor and shall not have any right to use any livestock or to appropriate the produce of any livestock in possession of the debtor at the time of such sequestration or assignment which is the property of the Administration under this Proclamation, nor shall he be capable of acquiring for such estate the ownership of the said livestock by payment under paragraph one of this Schedule of the amount due by the debtor in respect of such livestock unless the Manager has failed to issue within three months after having received notice from the trustee or assignee of such sequestration or assignment a certificate that the debtor is, in his opinion, able to continue farming operations in spite of such sequestration or assignment.

7. If any livestock supplied to a debtor under this Proclamation or any livestock substituted in terms of paragraph one or two of this Schedule, for such first-mentioned livestock or any progeny of any such livestock, dies or becomes affected with disease the debtor shall immediately give notice thereof to the Manager or to the Magistrate of his district.

8. In the month of November of every year after the year in which any livestock has been supplied to any debtor under this Proclamation, such debtor shall submit to the Manager a statement showing the number and condition of such livestock and of any other livestock substituted therefor in terms of paragraph one or two of this Schedule and of the progeny, if any, of all such livestock. Such statement shall be made in a form approved by the Manager and shall be sworn to by the debtor.

9. (1) The Manager, or any person designated by him in writing, may inspect any livestock supplied to a debtor under this Proclamation, or any livestock substituted for such first-mentioned livestock in terms of paragraph one or two of this Schedule and the progeny of such livestock, and may enter upon any land or premises for the purpose of such inspection.

(2) The committee appointed under section *three* of the Proclamation or any person designated by such committee in writing shall have similar powers of inspection and entry.

10. If a debtor be in default in payment of any amount due by him under this Proclamation or if the Manager is satisfied that a debtor —

(a) has failed properly to care for or to brand or mark any livestock in his possession which is the property of the Administration under this Proclamation; or

(b) has failed personally properly to occupy and carry on farming operations on the land referred to in paragraph (c) of sub-section (1) of section *six* of the Proclamation or such other land as the Manager may from time to time approve; or

4. Die verlies van enige lewende hawe verskaf aan 'n skuldenaar ingevolge hierdie Proklamasie deur dood of af-dwaling of die waardevermindering van enige sodanige lewende hawe raak op geen wyse die aanspreeklikheid van sodanige skuldenaar vir die terugbetaling aan die Bestuurder van die volle bedrag van die voorskot wat voorgestel word deur sodanige lewende hawe met die rente wat daarop betaalbaar is.

5. Die aandeel van alle lewende hawe verskaf aan 'n skuldenaar ingevolge hierdie Proklamasie en van alle lewende hawe wat kragtens paragraaf een of twee van hierdie Bylae in die plek gesit is van enige sodanige eersgenoemde lewende hawe moet gebrandmerk of gemerk word wanneer dit die ouderdom behaal wat die Bestuurder vasstel in die geval van elke besondere klas van lewende hawe.

6. (1) Geen lewende hawe of die produkte daarvan verskaf aan 'n skuldenaar ingevolge hierdie Proklamasie nog enige lewende hawe ingevolge paragraaf een of twee van hierdie Bylae in die plek gestel van sodanige eersgenoemde lewende hawe nog die produkte van sodanige aandeel kan in beslag geneem word by die uitvoering van 'n vonnis van enige geregs-hof voordat die voorskot tesame met die rente daarop terug betaal is en dan net in verband met 'n skuld gemaak deur die skuldenaar na die datum waarop die voorskot aan hom gemaak is.

(2) Indien die boedel van 'n skuldenaar sekwestreer of afgestaan word voordat hy die hele voorskot en al die rente wat daarop betaalbaar is, terugbetaal het, het die trustee of kurator in daardie boedel geen vordering teen die Administrasie of die Bestuurder ten opsigte van enige deel van die voorskot wat deur die skuldenaar terugbetaal is en geen reg om enige lewende hawe of die produkte van enige lewende hawe wat tydens sodanige sekwestrasie of oormaking in die besit van die skuldenaar maar die eiendom van die Administrasie ingevolge hierdie Proklamasie is, te gebruik nie. Hy is verder nie instaat om vir sodanige boedel die eiendomsreg van genoemde lewende hawe te verkry nie deur betaling ingevolge paragraaf een van hierdie Bylae van die bedrag verskuldig deur die skuldenaar ten opsigte van sodanige lewende hawe tensy die Bestuurder in gebreke gebly het om binne drie maande na ontvangs van die kennisgewing van sodanige sekwestrasie of oormaking van die trustee of kurator 'n sertifikaat uit te reik dat die skuldenaar, volgens sy mening, instaat is om verder te boer ten spyte van sodanige sekwestrasie of oormaking.

7. Indien enige lewende hawe verskaf aan 'n skuldenaar ingevolge hierdie Proklamasie of enige lewende hawe kragtens paragraaf een of twee van hierdie Bylae in die plek gestel van sodanige eersgenoemde lewende hawe of enige aandeel van enige sodanige lewende hawe doodgaan of siek word, moet die skuldenaar die Bestuurder of die Magistraat van sy distrik dadelik daarvan in kennis stel.

8. In die maand November van elke jaar na die jaar waarin enige lewende hawe verskaf is aan enige skuldenaar ingevolge hierdie Proklamasie moet sodanige skuldenaar aan die Bestuurder 'n staat voorlê wat die aantal en toestand van sodanige lewende hawe vermeld en van enige ander lewende hawe wat in die plek gestel is daarvan ooreenkomstig paragraaf een of twee van hierdie Bylae en van die aandeel, indien daar enige is, van al sodanige lewende hawe. Sodanige staat moet deur die skuldenaar deur eed bevestig word.

9. (1) Die Bestuurder of enige persoon skriftelik deur hom benoem, kan enige lewende hawe ingevolge hierdie Proklamasie aan 'n skuldenaar verskaf, of enige lewende hawe wat in die plek van sodanige eersgenoemde lewende hawe gestel is kragtens paragraaf een of twee van hierdie Bylae sowel as die aandeel van sodanige lewende hawe inspekteer en enige grond of perseel betree vir die doel van sodanige inspeksie.

(2) Die Komitee aangestel ingevolge artikel drie van die Proklamasie of enige persoon skriftelik deur sodanige Komitee benoem, het gelyksoortige bevoegdhede wat inspeksie en betreding betref.

10. Indien 'n skuldenaar in gebreke bly om enige bedrag deur hom verskuldig ingevolge hierdie Proklamasie te betaal of indien die Bestuurder daarvan oortuig is dat 'n skuldenaar —

(a) in gebreke gebly het om behoorlik te sorg vir enige lewende hawe in sy besit wat die eiendom van die Administrasie ingevolge hierdie Proklamasie is en om die lewende hawe te brandmerk of te merk; of

(b) in gebreke gebly het om die land, waarna in paragraaf (c) van subartikel (1) van artikel *ses* van die Proklamasie verwys word of sodanige ander land wat die Bestuurder van tyd tot tyd mag goedkeur, persoonlik te bewoon en daarop te boer; of

- (c) has become of drunken or improvident habits; or
- (d) has failed to carry out satisfactorily any obligations imposed upon him by virtue of this Proclamation; or
- (e) has disclosed incorrect information in the statement referred to in paragraph 8 of this Schedule,

the Manager may, without recourse to a court of law but after notice by registered post to the debtor, enter upon the land upon which the livestock may be and take possession of and sell by public auction or private treaty, the whole or any part thereof and apply the proceeds in reducing or liquidating so much of the advance or the interest thereon as is unpaid and may take such steps for the recovery of the balance due by the debtor (if any) under this Proclamation as he may think fit.

11. Instead of selling the livestock referred to in paragraph 10 of this Schedule, the Manager may, if he deems fit, retain possession of such livestock or reissue the same to some farmer approved by him, who falls within the provisions of sub-section (1) of section six of the Proclamation, and when so issued the value of such livestock as determined by the Manager shall for all purposes be deemed to constitute an advance made to such farmer in terms of section seven of the Proclamation and such livestock shall be subject to all the provisions of this Proclamation.

12. Notwithstanding anything in this Proclamation contained, if a debtor discontinues farming or takes up any occupation other than farming before the advance and interest is repaid, the amount owing, with interest thereon, shall become recoverable within such period, not exceeding one year, as the Secretary may determine.

FARMERS' SPECIAL RELIEF PROCLAMATION, 1934.
(No. 18 of 1934.)

(NOT APPLICABLE TO CROWN LAND LESSEES.)

FORM OF APPLICATION.

Applications must be handed in to the Advisory Committee concerned, through the Magistrate of your District.

NOTE:—

1. No purpose will be served by making applications unless:—

- (a) During any period of not less than eighteen months prior to the date of the Proclamation (No. 18 of 1934) you have been carrying on farming operations in South West Africa as your sole or principal means of livelihood and have suffered losses in livestock through the effects of the drought.
- (b) You are unable to make a living by any other means.
- (c) You own or hold on satisfactory lease or other written contract which ensures sufficient security of tenure for an unexpired period of at least twelve months sufficient land to enable you to carry on farming operations.
- (d) A reasonable chance exists that the supply of stock will enable you to recover your financial position.
- (e) The Advisory Committee of the District is prepared to recommend your application.
- (f) You are a Union National of good character and conduct and hardworking.

2. No assistance will be given unless the Board is satisfied on the points detailed in items (a), (b), (c), (d), (e) and (f) and the replies contained in the questions in this form.

3. Advances not exceeding £250 shall bear interest at the rate of 5% per annum and are repayable within such period as the Board may decide, not in any case to exceed five years.

4. Read this form carefully and give all information accurately.

5. As the penalties prescribed by the Proclamation for the supplying of false information or the failure to correctly disclose assets and liabilities and other information are very severe, Section 12 of the Proclamation is quoted and reads as follows:—

- (c) die gewoonte aankweek om dronk of nalatig te word; of
- (d) in gebreke gebly het om enige verpligtings wat kragtens hierdie Proklamasie op hom gelê is, bevredigend na te kom; of
- (e) onjuiste informasie verskaf het in die staat waarna in paragraaf 8 van hierdie. Bylae verwys word,

kan die Bestuurder, sonder toevlug tot 'n geregshof, maar na kennisgewing per aangetekende brief aan die skuldenaar die grond betree waarop die lewende hawe mag wees en die hele of enige deel daarvan in besit neem en deur publieke veiling of private ooreenkoms verkoop en die opbrings gebruik om soveel van die voorskot of die rente daarop wat onbetaal is, te verminder of vereffen en sodanige stappe doen vir die verhaal van die saldo wat nog deur die skuldenaar betaalbaar is (indien daar is) ingevolge hierdie Proklamasie, wat hy goedvind.

11. Insteede van die lewende hawe, waarna in paragraaf 10 van hierdie Bylae verwys word, te verkoop, kan die Bestuurder, indien hy dit goed ag, sodanige lewende hawe behou of dit aan een of ander boer oormak wat deur hom goedgekeur word en binne die bepaling van subartikel (1) van artikel ses van die Proklamasie val. Wanneer die vee aldus oorgemaak word, word die waarde van sodanige vee soos bepaal deur die Bestuurder vir alle doeleindes beskou as 'n voorskot gegee aan sodanige boer ooreenkomstig artikel sewe van die Proklamasie en sodanige lewende hawe is onderworpe aan al die bepalinge van hierdie Proklamasie.

12. Ondanks enige bepaling in hierdie Proklamasie, word die bedrag verskuldig, met rente daarop, verhaalbaar binne 'n tydperk wat nie langer as een jaar mag wees nie, en deur die Sekretaris vasgestel word, indien 'n skuldenaar ophou om te boer of enige ander beroep as boerdery opneem voordat die voorskot en rente terugbetaal is.

DIE BOERE SPESIALE ONDERSTANDS-PROKLAMASIE
1934. (No. 18 van 1934.)

(NIE TOEPASLIK OP KROONGRONDHUURDERS NIE.)

APPLIKASIEVORM.

Applikasies moet by die betrokke Adviserende Komitee, deur die Magistraat van u Distrik, ingehandig word.

NOTA:—

1. Geen doel sal bereik word deur die applikasie tensy—

- (a) U gedurende enige tydperk van minstens agtien maande die datum van hierdie Proklamasie (No. 18 van 1934) voorafgaande, u boerderybedryf in Suidwes-Afrika as u enigste en vernaamste middel van bestaan voortgesit het en u verliese onder u vee ten gevolge van die droogte gely het.
- (b) U nie in staat is om op enige ander manier 'n bestaan te maak nie.
- (c) U die eienaar of huurder is kragtens 'n bevredigende huurkontrak of ander geskrewe kontrak wat voldoende sekuriteit van eiendomsreg verseker vir 'n onafgelope tydperk van minstens twaalf maande van voldoende grond om u in staat te stel om u boerderybedryf voort te sit.
- (d) 'n Redelike vooruitsig bestaan dat die voorsiening van vee u in staat sal stel om u finansiële posisie te herstel.
- (e) Die Adviserende Komitee van u Distrik bereid is om u applikasie aan te beveel.
- (f) U 'n Unie-onderdaan van goeie karakter en gedrag en hardwerkend is.

2. Geen hulp sal verleen word nie tensy die Raad tevrede gestel word in verband met die punte aangehaal in artikels (a), (b), (c), (d), (e) en (f) en in die antwoorde op die vrae wat in hierdie vorm vervat is.

3. Voorskotte, van hoogstens £250 sal rente teen 'n koers van 5% per jaar dra en is terugbetaalbaar binne sodanige tydperk wat die Raad mag vasstel, maar in geen geval langer dan vyf jaar nie.

4. Lees hierdie vorm noukeurig en gee die juiste inligting.

5. Daar die boetes voorgeskrewe deur die Proklamasie vir valse inligting of versuim om bate en laste korrek aan te gee, of terughouding van ander informasie, baie straf is, word Artikel 12 van die Proklamasie hieronder gekwoteer. Dit lees as volg:—

12. (1) Any applicant for a loan under this Proclamation who, in connection with his application furnishes any information which is false or wilfully fails to disclose all his assets and liabilities, whether actually existing or contingent, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds or to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding one year or to both such fine and such imprisonment.

(2) Any debtor who disposes of, destroys or consumes any movable property acquired or permits such disposal, destruction or consumption without the written consent of the Board shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties set forth in sub-section (1).

(3) If any such property has disappeared or if it is not produced when its production is demanded in terms of sub-section (1) of section 10 of the schedule, the debtor concerned shall be presumed to have disposed of such property, or to have destroyed or consumed it in contravention of sub-section (2), unless he proves that he was in no way responsible for such disappearance or non-production and that he could not have prevented it.

(4) Any debtor who:—

- (a) conceals or damages moveable property acquired as aforesaid; or
- (b) alters, defaces or removes any mark placed thereon in terms of this Proclamation; or
- (c) fails to comply with sub-section (5) of section 7 hereof and paragraph 5 of the schedule,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or to imprisonment for a period not exceeding six months.

